# VOORWOORD

Militêre geskiedenis vorm 'n integrale deel van die Geskiedenis-as-wetenskap. Wêreldwyd word feitlik daagliks boeke gepubliseer wat oor een of ander militêre tema handel, en talle akademiese en ander tydskrifte wat hul op militêre geskiedenis toespits, verskyn op 'n gereelde grondslag.

In Julie 1943 het die Duitse **Wehrmacht** hul omvangryke Operasie **Zitadelle** in die omgewing van Kursk (in die destydse Sowjet-Unie) van stapel gestuur in 'n desperate poging om die oorlogsgety weer in hul guns te laat swaai. Wat gevolg het was enersyds die grootste tenkslag tot op datum, en andersyds 'n mislukte Duitse veldtog. Om hierdie bloedige maar ook betekenisvolle gebeure in die omgewing van Kursk, presies 60 jaar gelede, te herdenk, is op 25 Julie 2003 'n dagseminaar by die Pantserskool in Bloemfontein gehou. Drie van die talle referate wat tydens dié seminaar gelewer is, word in hierdie spesiale militêre uitgawe van die **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** gepubliseer.

Nader tuis het die oorlog in die noorde van Suidwes-Afrika/Namibië en in Angola, waarby Suid-Afrika in die jare 1966 tot 1989 betrokke was, 'n negatiewe invloed op suidelike Afrika uitgeoefen. In vier artikels word dié konflik vanuit verskillende oogpunte belig, insluitende die rol wat die Suid-Afrikaanse Lugmag gespeel het, en uMkhonto weSizwe (MK) se minder bekende rol teen die Suid-Afrikaanse en UNITA-magte in Angola. Daarna volg 'n artikel oor rasionalisasie in die Suid-Afrikaanse Weermag.

In die daaropvolgende drie artikels word verder in die geskiedenis van Suid-Afrika teruggegaan, naamlik na die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902. Die probleme waarmee die Britse Leërleiding op die vooraand van dié konflik geworstel het, word in twee artikels belig, en daar word uitgewys wat die implikasies van dié probleme vir sowel die Britte as die Boere was. In 'n derde artikel word die gebruik van swart arbeiders (binne die breë raamwerk van die swart konsentrasiekamp-stelsel) bespreek.

Ten slotte is daar 'n artikel wat handel oor die belang van militêre aangeleenthede vir toekomsbeplanning, ten opsigte van sowel staatkundige en politieke as militêre sake. Die behoorlike bestudering van militêre geskiedenis beteken immers juis nie die verheerliking van oorlog nie, maar die verkryging van begrip vir die vernietigende effek van gewapende konflik - begrip wat nodig is vir die suksesvolle bekamping van konflik.

André Wessels

# PREFACE

Military history is an integral part of the History science. Across the globe books that deal with military themes are published almost on a daily basis, and several academic and other journals that focus on military history, are published regularly.

In June 1943 the German **Wehrmacht** launched their elaborate Operation **Zitadelle** (Citadel) in the vicinity of Kursk (in the then Soviet Union), in a desperate attempt to swing the tide of war back in their favour. What followed was, on the one hand, the biggest tank battle to date, and on the other hand, a failed German campaign. To commemorate these bloody but important events that took place exactly 60 years ago, a day seminar was held on 25 July 2003 at the School of Armour in Bloemfontein. Three of the many papers that were read at the seminar, are published in this special military edition of the **Journal for Contemporary History**.

Nearer home, the war that was fought from 1966 to 1989 in the north of South-West Africa/Namibia and in Angola, and in which South Africa was involved, had a negative influence on all of southern Africa. In four articles this conflict is looked at from different angles, including with regard to the role played by the South African Air Force, and the less well-known role that uMkhonto weSizwe (MK) played against the South African and UNITA forces in Angola. Then follows an article on rationalisation in the South African Defence Force.

In the next three articles, the focus shifts further back in time, namely to the Anglo-Boer War of 1899 to 1902. The problems faced by the British supreme command on the eve of this conflict are addressed in two articles, and the consequences of these problems for the British Army as well as for the Boers are pointed out. In a third article the use of black labourers (within the framework of the black concentration camp system) is discussed.

In conclusion there is an article that deals with the importance of military matters with regard to future governmental, political and military planning. When military history is studied properly, war will never be glorified, but insight will be gained with regard to the terrible destructive effect that armed conflict has - an insight that is a prerequisite for the successful elimination of conflict.

André Wessels